**BAGASIE (SELFSTANDIGE NAAMWOORD)**

- Tasse, koffers en trommels wat persoonlike besittings bevat; ingepakte reisgoed; bagasie
- Voorrade en uitrusting (vervoerbaar), veral wat 'n leër saamneem vir sy gebruik
- Ontasbare dinge (soos gevoelens, omstandighede of oortuigings) wat vir ons 'n las is
- Emosionele bagasie



FIGUUR 3: Betontasse, gemerk ***John Smith***, is deel van 'n kunsversameling in Estland (Oos-Europa) deur Jaan Manitski versamel.

Die tasse herinner ons aan diegene wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog uit Estland moes vlug.

Ons almal dra bagasie saam met ons, nie net fisies nie, maar ook figuurlik en emosioneel. Dit kan positief of negatief wees. Dit sal ons persoonlike en familiegeskiedenisse, herinneringe en ervarings insluit. Watter bagasie dra jy? Hoe dra jy dit?



FIGUUR 4: He Xun, ***Empty Baggage (Leë Bagasie)***, olie op doek, 2013.

Sakke is sedert die vroegste tye van die beskawing gebruik om persoonlike artikels in rond te dra en daar was 'n verskeidenheid ontwerpe vir 'n paar gebruike, soos sakke met knippe, leersakke en beursies met lang toetrekkoorde. Die tas as 'n funksionele voorwerp is 'n simbool van mobiliteit en laat 'n mens aan verskillende tipes reise dink: van die betowerende wegbreekvakansies van stralerjakkers of die gewone gemak van die familievakansie tot die gedwonge verskuiwing van bannelinge en vlugtelinge.

**LAS (SELFSTANDIGE NAAMWOORD)**

'n Las is wanneer iemand iets wat swaar is, vashou of dra of wanneer iemand iets wat moeilik of onaangenaam is, moet aanvaar of hanteer.

- Iets wat gedra word
- Iets onderdrukkend of kommerwekkend
- 'n Las dra
- Die kapasiteit/vermoë om 'n vrag te dra

Die handsak het uit 'n verskeidenheid praktiese behoeftes ontwikkel. Daar is sakke vir spesifieke doeleindes, soos leeraktetasse vir die kantoor en praktiese leer- en plastieksakke vir daaglikse gebruik wanneer daar gestap of gekuier word. Daar is ook elegante, blink handsakkies en palmhandsakkies vir gebruik in die aand. Handelsmerke het in die 20ste eeu belangrik geword en modeontwerpers, soos Louis Vuitton, Gucci en Prada, het die handsak as 'n belangrike bykomstigheid beskou.



FIGUUR 5: ***Antieke Assiriese Reliëfkerfwerk*** van 'n handsak, moontlike voorstelling van die kosmos, Nimrud, 883.



FIGUUR 6: ***Die Wêreld se Oudste Beursie*** is gevind wat met 'n 100 hondetande versier is. Opgrawers by 'n terrein naby Leipzig het meer as 'n 100 hondetande, wat baie na aan mekaar gerangskik was, in 'n graf wat tussen 2500 en 2200 v.C. gedateer is, opgegrawe. Die leer of materiaal het mettertyd verdwyn en al wat oorgebly het, is die tande.



FIGUUR 7: Dior, 'n ***Pienk, Geel en Blou Handsak met Silwermetaalware***, 2014.

**WAT SOU JY IN EEN SAK PAK AS JY VOOR 'N RAMP MOES UITVLUG?**

Byna 100 000 mans, vroue en kinders het in 2017 uit hulle oorlogsgeteisterde tuislande gevlug. Hulle het op rubberbote oor die Egeïese See na die Griekse eiland, Lesbos, gereis. Die Internasionale Reddingskomitee en die fotograaf, Tyler Jump, het foto's vir die reeks, 'What's in my bag?' ('Wat is in my sak?') gedokumenteer. Die visuele beelde hieronder toon die inhoud van een persoon se bagasie, wat die verhale van sy geskiedenis, familie en sy hoop vir die toekoms verpersoonlik.




FIGUUR 8: 'n ***Tiener met die naam Iqbal*** het honderde myle gereis en koeëls ontduik om uit Afganistan te ontsnap. Sy rugsak het tandepasta, room om jou gesig wit te maak, 'n kam, 'n naelknipper, verbande, 100 Amerikaanse dollar, 130 Turkse lira, 'n slimfoon en 'n bystandselfoon bevat.

***Leaving on a Jet Plane***
**deur John Denver**

All my bags are packed
I'm ready to go
I'm standin' here outside your door
I hate to wake you up to say goodbye
But the dawn is breakin'
It's early morn
The taxi's waitin'
He's blowin' his horn
Already I'm so lonesome
I could die



FIGUUR 9: Jan van der Merwe, ***Baggage Arrival (Bagasie-aankoms)***, gemengde media, geroeste metaal, 2001.

**KUNSTENAARS WAT BAGASIE/LAS AS 'N TEMA ONDERSOEK HET**

Talle kunstenaars het deur die jare die tas vir groot simboliese effek gebruik. 'n Tas kan 'n mens aan 'n hele reeks reisende/rondtrekkende tipes laat dink, of hulle nou professioneel of meer vry van gees is. 'n Las is wanneer iemand iets wat swaar is, vashou of dra of wanneer iemand iets wat moeilik of onaangenaam is, moet aanvaar of hanteer.



FIGUUR 10: Greg Drasler, ***Flight to Egypt (Vlug na Egipte)***, olie op doek, 1988.



FIGUUR 11: Honore Daumier, ***The Burden (Die Las)***, olie op doek, 1853.



FIGUUR 12: Clara Lieu, ***Self-Portrait from Falling Project (Selfportret uit Falling-projek)***, houtskool, 2013.



FIGUUR 13: Marcel Dzama, ***Untitled (Suitcase with Three Heads) (Ongetiteld [Tas met Drie Koppe])***, tas, handgemaakte gipsmaskers en handpoppe, 2007.



FIGUUR 14: Dieter Roth, ***Staple Cheese (A Race)(Stapelkaas ['n Resies])***, tasse en gemengde soorte kaas, 1970.

Dieter Roth het 37 tasse vol oopgemaakte blokke camembert- en cheddarkaas gepak. Sy installasie is in rye gerangskik asof die tasse vir hulle eienaars gewag het wat die glans van die makro-stralerjakkerstydperk oorgedra het. Maar die reukie van middelklasaansien was net 'n dwaalspoor tot die inhoud wat binne besig was om te verrot. As deel van die aanbieding is 'n tas elke dag oopgemaak, wat die stank wat deur die galery gesweef het, vererger het. Die tasse was naderhand verrottende poele wurms en uiteindelik het gesondheidsbeamptes die uitstalling toegemaak.



FIGUUR 15: Vitamorte, ***Apparatus for (Negative) Thinking (Apparaat vir (Negatiewe) Denke)***, was en leertas, 2017.



FIGUUR 16: Nausheen Saeed, ***Females as Baggage or Luggage (Vroue as Bagasie)***, materiaal, veselglas, ritssluiers, bande en handvatsels, 2013.

Die kunstenaar impliseer dat vroue 'n 'las' is wat so gou as moontlik in 'n huwelik weggepak moet word. Sy beskou bagasie as 'n besitting en dat vroue, in hulle rolle as moeders, vroue, susters en dogters, altyd aan ander behoort. Wat binne gebêre is, is baie persoonlik.




FIGUUR 17: Alex Moscoso Española, ***Excess Baggage (Migrant White number 1) (Oortollige Bagasie [Migrant Wit nommer 1])****,* akriel op gebruikte klere, tou en 'n gebruikte boks wat die kunstenaar se persoonlike besittings en waardevolle items bevat, 2010.



FIGUUR 18: Yinka Shonibare**,** ***Homeless Child (Hawelose Kind)***, materiaal, tasse, voorwerpe wat gevind is, 2013.

Shonibare ondersoek, deur parodie en ironie, vraagstukke oor identiteit, sosiale hiërargie en die kolonisasie van Afrika.



FIGUUR 19: Gerard Sekoto, ***The Train Crowd (Die Treinskare)***, olie op doek, 1945.



FIGUUR 20: Agim Sulaj, ***Refugees (Vlugtelinge)***, grafiet op papier, 2016.

Hierdie werk is aan die vlugtelingtragedie opgedra; die mense wat na 'n beter lewe soek, maar wat dikwels 'n tragiese einde het. Hulle drome verdrink in die groot immigrasiedraaikolk.



FIGUUR 21: Matthew Hindley, ***Kalypso***, olie op doek, 2008/9.



FIGUUR 22: Nobukho Nqaba, ***Umaskhenkethe likhaya lam***, foto, 2012.

'Umaskhenkethe' is die Xhosa-woord vir die plastiekmaassak wat in China gemaak word. 'Unomgcana' beteken 'die een met strepe' en 'Umaskhenkethe' beteken 'die reisiger'. In Suid-Afrika is die sak algemeen as die China-sak, Zimbabwe-sak, Khumbulekhaya-sak of Mashangaan-sak bekend. Hierdie sakke staan bekend as die Ghana-moet-huis-toe-gaan-sak in Nigerië, die Bangladeshi-sak in die VK, Turkse sakke in Duitsland, Meksikaanse sakke in Amerika en die 'Guyanese Samsonite' in die Karibiese Eilande. Hierdie sakke het wêreldwye simbole van migrasie geword, nie net oor grense nie, maar ook binne lande. Hierdie sakke is voorwerpe wat 'n huis/tuiste dra en is die middel tot oorlewing vir 'n mens wat nie baie het nie.



FIGUUR 23: Francesco Sambo, ***My Head in a Bag (My Kop in 'n Sak)***, digitale fotografie, 2014.

Sambo beweer: 'Die werklike wêreld is te klein vir my. Ek ontdek in 'n papiersak dat my verbeelding geen perke het nie.'



FIGUUR 24: Mona Hatoum, ***Traffic (Verkeer)***, tasse en mensehare, 2002.




FIGUUR 25: Gan Chin Lee, ***Lebuh Pudu***, olie op doek, 2013.

